

Dink vir ’n oomblik saam met my:

As iemand jou elke dag sou dophou — elke woord wat jy sê, elke besluit wat jy neem, elke reaksie op WhatsApp, elke manier waarop jy oor ander praat of jou tyd gebruik — sou hulle kan sê: “Daardie persoon leef soos ’n Christen”?

Baie van ons sê ons is Christene.

Maar wat *beteken* dit eintlik?

Is dit ’n titel? ’n Etiket? Of ’n manier van leef?

Selfs in die vroeë kerk het mense geworstel om te verstaan wat dit regtig beteken om in Christus te leef.

Dis hoekom Paulus, in die tronk in Rome, vir ’n groep Christene in die stad Kolosse ’n brief skryf. Hulle het wel in Jesus geglo — maar hulle het gesukkel om hulle ou maniere agter te laat.

Ons teks vandag — Kolossense 3 — is Paulus se kragtige oproep aan hulle, en aan ons, om te verstaan:

Jy het saam met Christus gesterf. Nou moet jy ook saam met Hom lewe.

Nie net in naam nie, maar in karakter, dade en denke.


Onthou wie jy was...

# Kolossense 3:1-10

1Aangesien julle saam met Christus uit die dood
opgewek is, moet julle strewe na die dinge daarbo
waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van
God sit. 2Rig julle gedagtes op die dinge wat
daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is
nie, 3want julle het gesterwe, en julle lewe is
saam met Christus verborge in God. 4Wanneer
Christus, wat julle lewe is, by sy wederkoms
verskyn, sal julle ook saam met Hom verskyn en in
sy heerlikheid deel.

**5Daarom moet julle die aardse dinge doodmaak wat nog deel
van julle lewe is: onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte
begeertes, en gierigheid, wat afgodery is. 6Deur sulke dinge
kom die straf van God oor die mense wat aan Hom
ongehoorsaam is. 7Vroeër het julle ook aan dié dinge
meegedoen toe julle nog daarin gelewe het. 8Maar nou moet
julle al hierdie dinge laat staan: woede, haat, nyd en gevloek.
Vuil taal moet daar nie uit julle mond kom nie, 9en moenie
vir mekaar lieg nie.**

**Julle het met die ou, sondige mens en sy gewoontes
gebreek 10en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al
hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot
die volle kennis van God.**

**Paulus begin deur hulle te herinner: Julle is nie meer wie julle was nie.**

**Jy het nie net besluít om beter te probeer nie – jy het *gesterf* aan daardie ou lewe.**

**Wat is dié ou lewe?**

**Hy noem dit op naam:**

**onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes, en gierigheid, wat afgodery is**

**woede, nyd, haat, vuil taal, leuens…**

**Dis ’n donker lys — maar eerlik, as jy mooi kyk, herken jy dalk iets van jouself daarin.**

**Paulus sê: Maak *Dood* daardie dinge...**

**Nie net ignoreer nie. Nie verskoon nie. Nie “ek’s net so gemaak” nie.**



**Wat is daar in jou lewe wat jy elke week moet “doodmaak”? Is daar iets wat jy toelaat wat jy eerder moet begrawe?**



# Onthou wie jy is...

# Kolossense 3:1–4, 9–11

**1Aangesien julle saam met Christus uit die dood
opgewek is, moet julle strewe na die dinge daarbo
waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God
sit. 2Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie
op die dinge wat op die aarde is nie, 3want julle het
gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge
in God. 4Wanneer Christus, wat julle lewe is, by sy
wederkoms verskyn, sal julle ook saam met Hom
verskyn en in sy heerlikheid deel.**

9Julle het met die ou, sondige mens en sy gewoontes
gebreek 10en leef nou die lewe van die nuwe mens,
wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy
Skepper en tot die volle kennis van God. 11Hier is dit
nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of
nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie.
Hier is Christus alles en in almal.



**Jou ou self is dood. Maar God het iets nuuts in jou begin.**

**Jy is nie net vergewe nie — jy is opgewek saam met Christus!**

**Jy het nou ’n nuwe identiteit.**

**En hierdie identiteit is verborge in Christus (v3).**

**Dit beteken: jou lewe is vas in Hom. Jy word nie meer gedefinieer deur jou verlede, jou kultuur, jou ras, jou taal, of jou prestasie nie.**



**As jy in Christus is, beteken dit jou lewe draai nou om Hóm. Is jou fokus op aardse dinge of op Hemelse dinge?**



# Leef soos die nuwe mens

# Kolossense 3:12–15

12Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet.
Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig,
sagmoedig en verdraagsaam wees. 13Wees geduldig met
mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander
het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook
vergewe. 14Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die
band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. 15En die
vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag
gee. God het julle immers geroep om as lede van een
liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar.

**Moet nie net die ou klere uittrek nie — trek die nuwe aan!**

**Jou karakter moet nou Jesus se karakter begin reflekteer.**

**Dis nie net morele gedrag nie — dis *Christus se karakter* in jou.**

**Wees geduldig met mekaar**

**Vergewe, soos die Here jou vergewe het**

**Bo dit alles — *Liefde* – die band van volmaakte eenheid**



**Wat sien mense as hulle na jou kyk?**
**Is jy ’n vredemaker? Of krap jy dinge op?**
**Dra jy liefde, of is jy skerp en afwysend?**


JESUS

# Kolossense 3:16–17

**16Die boodskap van Christus moet in sy volle
rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar
met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle
harte moet julle psalms, lofgesange en ander
geestelike liedere tot eer van God sing. 17En
wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit
alles in die Naam van die Here Jesus en dank
God die Vader deur Hom.**

**Die Christen-lewe is nie beperk tot ’n uur op ’n Sondag nie.**

**As jy in Christus is, raak dit alles aan:**

- **hoe jy praat**
- **hoe jy werk**
- **hoe jy huis toe ry**
- **hoe jy jou kinders behandel**
- **hoe jy op WhatsApp reageer**

**Jou hele lewe getuig: Ek het gesterf — en nou leef ek... vir Christus.**

# Wat beteken dit om ’n Christen te wees?

## Presies dit wat Paulus sê:

## Sterf aan jou ou mens — en leef elke dag in Christus.

**Dis nie oor wette of tradisies nie. Dis nie uiterlike godsdienstige gedrag nie.**
**Dis ’n *nuwe mens* met ’n *nuwe hart* wat begin leef soos Jesus.**

**Prakties:**
**Jou mond, jou humeur, jou verhoudings, jou denke, jou optrede teenoor ander – dis alles gebiede waar Christus moet heers.**


fresh
NES JY IS, WAAR JY IS